**Die Seun is heerliker as Moses**

**Heb 3:1-6**

**27 Maart 2022**

1. Heb 2:17-18 – Die Seun het aan Sy broers gelyk geword, om barmhartige en getroue Hoëpriester te wees en God se toorn oor hulle skuld te stil. Hy was een met Sy broers, en tog ook hulle Hoof. Hy kan en wil hulle help in hulle versoekinge.
2. Heb 3:1 – Oproep om op Jesus te let
    a. "Daarom" – n.a.v. Heb 1-2 (Seun as God en mens, Koning, Profeet, Hoëpriester, heerliker as profete en engele)
    b. Gerig aan:
        i. Broers – broers van die Seun, wat deur Hom geheilig word (Heb 2:11)
        ii. Wat vir die Here afgesonder is – heilige broers (Heb 2:10-11)
        iii. Deelgenote van hemelse roeping – deel van verlossingsproses (Rom 8:29-30), hemelse roeping – want roeping kom uit die hemel en eindresultaat is heerlikheid in die hemel
    c. Inhoud van oproep – doelbewuste bestudering wat lei tot kennis, verwondering, vertroue (vgl Heb 2:1)
    d. Jesus as Apostel (Gestuurde/Ambassadeur): gestuur om die Vader bekend te maak (Joh 3:34, 5:36, Heb 1:3, Kol 1:19) = rol van die Seun as Profeet
    e. Jesus as Hoëpriester (Heb 2:17)
3. Die heerlikheid van die Seun as Apostel (Heb 3:2-6a)
    a. Rede vir vergelyking van Seun as Apostel/Profeet met Moses
        i. Moses was dié groot profeet in Ou Testament – het God se wil aan volk bekend gemaak, soos die Seun
        ii. Selfs God het met lof van Moses gepraat (Num 12:6-8)
    b. Punte van vergelyking
        i. Moses was baie getrou (Heb 3:2), die Seun selfs nog meer getrou (Luk 2:49, Joh 9:4, Mat 26:39)
        ii. "Huis van God" in die dae van die Seun is heerliker as die "huis van God" in die dae van Moses (Heb 3:5-6)
        iii. Moses was getrou <u>in</u> die huis, die Seun was getrou <u>oor</u> die huis (Heb 3:4-6)
        iv. Moses was getroue dienaar in die huis (Heb 3:5), maar Christus is Seun, en dus Eienaar en Erfgenaam van die huis (Heb 1:2)
        v. Moses het getuig oor die Seun (Heb 3:5), die Seun is die vervulling daarvan (Joh 5:46, Luk 24:27)
4. Bemoediging (Heb 3:6b)
    a. Lesers / gelowiges is die huis van God.... (vgl 1 Kor 3:16, 1 Pet 2:5)
    b. .....op voorwaarde: hulle staan vas in vrymoedigheid/geloof en roem in hulle hoop (vgl Kol 1:23)
    c. Wonder jy of jy deel is van die huis van God?
        i. Groei jy in kennis oor die Seun, lei dit tot verwondering en vertroue? (Luk 24:32)
        ii. Verstaan jy die Christelike hoop en roem ("boast") jy hieroor?